Tipe materiaal

Gebruik *SUNScholar* om navorsingsartikels, aanbiedings, konferensiereferate, e-posse, webbladsye, klanklêers (bv. toesprake), foto's, video-lêers (bv. onderhoude), koerantartikels, boeke, intreeredes, kaarte, tesisse en verhandelinge, datastelle, en nog baie meer te huisves!

Kopiereg

Items sal slegs op *SUNScholar* gehuisves word indien:

- US die kopiereghouer van die werk is;
- toestemming deur die oorspronklike kopiereghouer verleen is; of
- die uitgewer toestemming verleen het dat die werk op 'n digitale bewaarplek bewaar mag word. Besoek SHERPA RoMEO vir meer inligting:

http://www.sherpa.ac.uk/romeo/

SHERPA RoMEO

Alternatiewe lisensiëring

Creative Commons bied buigsame kopiereg-bestuurmiddels vir kreatiewe werk. Dit sluit 'n reeks lisensies in waaruit die skeppers van 'n werk kan kies hoe om hul kopiereg binne 'n intydse omgewing te bestuur. *Creative Commons* is gebaseer op die beginsel van "alle regte voorbehou" en bied as alternatief 'n "sommige regte voorbehou"-stelsel.

http://za.creativecommons.org/

Gebruik SUNScholar

Toegang vanaf: **http://scholar.sun.ac.za**

Teken aan vanaf: **http://scholar.sun.ac.za/login**

Om navorsingsmateriaal te kan **oplaai**, moet jy 'n geregistreerde *SUNScholar*-gebruiker wees. Regte sal aan jou toegeken moet word voordat jy items binne 'n versameling kan oplaai.

Registreer deur gebruik te maak van jou US kampus-aantekenkodes. Riglyne oor hoe om te registreer: **http://wiki.lib.sun.ac.za/index.php/SUNScholar/How_to_register**

Doen aansoek vir regte om binne 'n spesifieke versameling items te kan oplaai. Kontak *SUNScholar (sien besonderhede onder).*

Laai jou item op. Riglyne vir oplaai: **http://wiki.lib.sun.ac.za/index.php/SUNScholar/Submissions**

SUNScholar Hulpbladsy: **http://wiki.lib.sun.ac.za/index.php/SUNScholar**

Kontak Ons

SUNScholar –Kantoor

JS Gericke Biblioteek
Boonste vloer
Kantoor 1071
Universiteit Stellenbosch

E-pos: scholar@sun.ac.za
Tel.: 00 27 21 808 9139/9046
Skype: usscholar

SUNScholar:
scholar.sun.ac.za
Ure
Ma – Vr : 08:00-16:30

Besoek ons ook

Twitter
#usscholar

Facebook
University of Stellenbosch Scholar

SUNScholar Nuusblog
http://blogs.sun.ac.za/sunscholar/

Biblioteek- en Inligtingsdiens

Library and Information Service

UNIVERSITEIT STELLENBOSCH UNIVERSITY

SUNScholar

URL: http://scholar.sun.ac.za
E-pos: scholar@sun.ac.za

Jou navorsing - meer verwysings, veilig vir altyd!

Wat is SUNScholar?

SUNScholar is die naam van die digitale navorsingsbewaarplek (digitale biblioteek) van die Universiteit Stellenbosch. Alle navorsingsmateriaal wat aan US behoort, kan hier digitaal vir die toekoms bewaar word, en gratis oop toegang tot navorsingsmateriaal wat deur die US-gemeenskap geproduseer word, kan verleen word.

Die adres is:

http://scholar.sun.ac.za

Wat is 'n digitale navorsingsbewaarplek?

Clifford Lynch (2003) definieer 'n "repository" as "a **set of services** offered to the members of a community, for the **management** and **dissemination** of completed digital research material donated to or created by the institution and its community members. This set of services includes the **collection**, **storage** and **preservation** in digital format, and **retrieval** of items submitted to the repository."

Wat is "oop toegang"?

Volgens die *Public Library of Science* (PLoS), is alles wat op 'n oop toegang institusionele bewaarplek gehuisves word, dwarsoor die wêreld gratis intyds beskikbaar. Ander kan dit dan lees, aflaai, kopieer, versprei en gebruik (altyd deur erkenning te verleen).

Alhoewel *SUNScholar* oop toegang ondersteun, maak ons daarvoor voorsiening dat daar gevalle kan voorkom waar toegang beperk moet word, bv. waar patentregte, embargo's, vertroulikheid ens. 'n faktor is. Daarom **bestuur** ons hierdie bewaarplek dienooreenkomstig.

Daar is verskillende benaderings tot oop toegang:

- Publiseer navorsing binne 'n institusionele bewaarplek;
- Publiseer navorsing in 'n tydskrif wat artikels deur mede-navorsers laat evalueer en hersien, asook binne die instansie se bewaarplek (met toestemming van die uitgewer);
- Publiseer artikels binne 'n ooptoegangtydskrif, bv. dié binne DOAJ (Directory of Open Access Journals):

http://www.doaj.org/

http://web.lib.sun.ac.za/ojs/index.php/

Voordele vir jou as navorser

Hiermee slegs enkele van baie voordele wat *SUNScholar* bied:

Dit dien as **sentrale argief** van alle US navorsingsmateriaal, en versnel terselfdertyd navorsing en verryk onderrig.

Dit lei tot 'n verhoging in **sigbaarheid**, **gebruik** en **impak** van US navorsing wêreldwyd (Jones, Andrew & MacColl, 2006).

Dit **lok navorsers** vanuit ander dissiplines en ook vanaf ander instansies wat nie noodwendig andersins toegang tot jou navorsing sou hê nie, bv. diegene wat nie inteken op 'n tydskrif waarin jy publiseer nie.

Dit **bevorder dialoog** tussen navorsers.

Word vandag deel van SUNScholar! scholar@sun.ac.za

Permanente URL's word toegeken aan elke item sodat die verwysing altyd geldig sal wees.

Alle items - insluitend die volteks- pdf-lêers - is **ten volle soekbaar**.

Dit bied 'n **volledige navorsingsprofiel** van jou eie, jou departement en fakulteit se navorsingsuitsette.

Ons **pas kopiereg streng toe** en slegs materiaal waarvoor kopieregklaring verkry is of waarvoor ons toestemming verkry het, word opgelaai.

Dit help om die **navorsingsprofiel van die Universiteit Stellenbosch** as top navorsingsinstansie nog verder te verhoog.

Mede-navorsers kan **bou op bestaande navorsing**, bv. deur gebruik te maak van bestaande datastelle sonder om weer tyd en geld te belê om die navorsing te herhaal.

Die bewaarplek word in stand gehou deur **IT-kenners** binne 'n baie stabiele omgewing. Navorsingsmateriaal sal digitaal geargiveer en bewaar word vir die jare vorentoe.

Lêer-formate op SUNScholar

Alle lêer-formate word aanvaar, maar oop formate word aangemoedig en vereis bv. pdf.